# Lydenstyd installasie

## Passieblom - O, die pyngedagte, my kind is dood!




**O die Pyn-gedagte**

O Die pyn-gedagte: My kind is dood! ...
dit brand soos 'n pyl in my.
Die mense sien daar niks nie van,
en die Here alleen die weet wat ek ly.

Die dae kom en die nagte gaan;
die skadu's word lank en weer kort;
die drywerstem van my werk weerklink,
en ek gaan op my kruisweg vort.

Na die dood van sy kind, publiseer Totius 'n bundel onder die titel '*Passieblomme*'. Reeds sedert die 15de eeu het Rooms Katolieke priesters in Suid-Amerika blomme aan 'n rankplant met 'n vrug, 'Passionflower' genoem. Die blomme is veral gedurende pase gebruik.

Vir Totius word dit 'n simbool van sy pynlike verlies en hartseer. Hierdie Lydenstyd wil ons met medelye dink aan soveel ouers wat 'n kind verloor het en vir jare moes worstel met die pyngedagte: My kind is dood.

# Daniël Louw verduidelik

## die Lydenstyd installasie voor in die kerk

Dood is radikaal. Nooit weer daarna is jou lewe dieselfde nie. En dikwels is dit die vrou wat die pyn in haar wese lewenslank moet dra. Net soos Maria – vrou van smarte (Elisabeth Eybers). Dit is immers merkwaardig dat net ná die vreugdevolle aankondiging dat die maagd sal swanger word, die lofsang van Maria (*Magnificat*), volg die pyn-profesie van Simeon oor Maria: *"En wat jou betref, 'n swaard sal deur jou siel gaan."* (Lukas 2: 35). Die Kersgebeure het Maria in haar hart gebêre (Lukas 2:19); 'n hart wat later soos 'n passieblom sal bloei wanneer die swaard in die sy van haar dooie seun, haar eie hart tot durende broosheid sal deurboor.



So is die passieblom uit dooie blare van die Palmboom, (in die Ooste 'n simbool van hoop en verwagting ten spyte van die versengende dorheid van die woestyn) tydens die hele nadenking oor die betekenis van pase, 'n simbool van al ons pyngedagtes oor die dood. Tegelykertyd bloei die dorre blom - iets gaan gebeur! Is dit die opstanding na die helse doodsheid van die dood – ook my dood?